

HOOFSTUK XII.

MIDDELBARE ONDERWYS.

1. AGTERGROND.

Die Burgerswet het vir laer-, meer uitgebreide en hoërondewys voorsiening gemaak. Burgers het hom egter byna uitgeput in sy ywer om hoërondewys ten koste van laer- en middelbare onderwys te bevorder.

Kragtens „Die Besondere Bepalinge vir Laer- en Middelbare Onderwys,”¹ van du Toit is die driemaandelikse staatstoelae vir middelbare onderwys op 35 sjielings per leerling vasgestel. Daar is ook bepaal dat Hollands die voertaal moes wees, dat slegs behoorlik opgeleide leerkrigte in diens geneem moes word, dat ambagsopleiding ook aan middelbare skole verskaf moes word en dat die skole onder toesig van skoolkommissies moes staan. Die Staatsgimnasium, die Staatsmeisieskool, die Staatsmodelskool en die Mynskool het in die tyd tot stand gekom.²

Onder die Kroonkolonie Bestuur is daar van die middelbare onderwys verwag om kragtens Ordonnansie No. 7 van 1903 jaarliks genoeg kandidate vir die Laer Sertifikaateksamen van die Transvaalse Onderwysdepartement of vir die Matrikulasie-eksamen van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop te lewer. Kinders is tot hierdie inrigtings vanaf hul negende lewensjaar toegelaat en 'n standerd III-peil in lees, reken en skryf is as vereiste gestel. Die klasse is in vorms I tot V ingedeel en daar is voorsiening gemaak vir die nodige leergange.

1. Wet No. 1 van 1882, artikels 9 tot 45.

2. Bot: Honderd Jaar Onderwys in Transvaal, 39 tot 45.

Daar was ses hoërskole: twee in Pretoria, drie in Johannesburg en een op Potchefstroom. Drie voorbereidende skole: een in Pretoria en twee in Johannesburg. Vyf sekondêre skole: een elk op Barberton, Ermelo, Germiston, Klerksdorp en Rustenburg. Hierbenewens is daar reëlins getref vir aand- en handwerkklasse in Pretoria en vir vakansiekursusse vir diensdoende leerkragte aan die Pretoriase Normaalkollege.³

Adamson het in sy eerste jaarverslag⁴ die toestand soos volg beskryf: In die ses middelbare skole is eenderde van die leerlinge met laer- en voorbereidende onderwys besig, terwyl die ander leerlinge 'n breë kulturele middelbare kursus volg. Volgens hom kon die bestaande middelbare skole, sodra die voorgenome geboue voltooi is, nog geruime tyd in die behoeftes van Transvaal voorsien, aangesien die klaskamerruimte wat vir 'n moontlike 1,500 leerlinge voorsiening maak slegs deur sowat 600 leerlinge gebruik van gemaak word.

Hy het die sentralisasie van middelbare onderwys verkies bo die destydse stelsel waarvolgens laer- en middelbare onderwys nie geskei was nie, want so 'n skeiding was om puberteits-, opvoedkundige en geldelike redes noodsaaklik. Hoewel die belangstelling van ouers en plaaslike liggame in hul eie skoolgeriewe nog altyd 'n mooi verskynsel in Suid-Afrika was, het hy tog die aandag daarop gevestig dat middelbare onderwysgeriewe nie aan die deur van elkeen gebring kon word nie.

"At the same time the soundness of centralization is as apparent here as in primary education."⁵

Beperkte middelbare onderwysgeriewe is egter verskaf aan

3. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 83 tot 84.

4. T.C.D. Jaarverslag 1906, 87 tot 94.

5. Ibid 1909, 16.

skole in Provinsiale dorpe waar die samewerking vrywillig was.

Kragtens Onderwyswet No. 25 van 1907 moes middelbare onderwys meer vormend as vormlik en prakties wees; moes die leergange sodanig opgestel word dat die onderwys van die laer- en middelbare skole aaneenlopend kon wees; moes die oorgang na standerd VI op die twaalfde lewensjaar van die leerling plaasvind; en moes die leerplanne rekening hou met die leerlinge se toekomstige loopbane.

Hierdie wet bevat ook bepalinge in verband met eindeksamens en die leerplanne vir die verskillende skoolvakke.

2. DIE DOEL VAN MIDDELBARE ONDERWYS.

Adamson het die doel soos volg saamgevat:

"..... the high schools are doing what is the highest duty of secondary schools, namely, developing habits, motives, and standards of conduct which will not only promote the future welfare of their pupils, but will purify and strengthen the corporate life of the community in which these pupils must play an active part. I see no reason why these schools should not nurture character while they can and must do much more to bring their pupils into closer contact with the scientific, historical and linguistic requirements of the age."⁷

In die puberteitsjare wil leerlinge in 'n wêreld van hulle eie en volgens hul eie tugopvattings leef. Daarom moet hulle onder andere gelei word om uit eie beweging ondersoek in te stel en navorsingswerk aan te durf. Dis van belang dat selfdissipline steeds aangemoedig en beoefen moet word. In hierdie jare is die

6. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 106 tot 107.
7. T.O.D. Jaarverslag 1909, 34.

verbeeldingskrag baie sterk en dis eintlik die jare wanneer daar gedurige aandag aan karaktervorming geskenk moet word, sodat die regte lewensideale gekoester word. Om dit te verwesenlik is groot middelbare skole inderwaarheid 'n nasionale noodsaaklikheid.

"The essential thing is that the public secondary schools shall offer a wide avenue of approach and thus be equally accessible to all qualified pupils They must rest on the primary system as a whole, and offer their buildings, their playing-fields, their intellectual opportunities, and their traditions to all who are qualified to reap advantage from them."⁸

Hieraan het hy toegevoeg:

"..... intellectual fitness must be the sole condition of admission."⁹

Omdat die middelbare onderwys sy leerlinge keur kan dit nie as gewone volksonderwys beskou word nie. Nietemin moet ook hierdie onderwys in die behoeftes van die volk en land voorsien:

"The schools exist for the country and not the country for the schools The system must be adapted to the needs of the environment."¹⁰

As hierdie inrigtings vir die ontwikkeling van persoonlike vermoëns voorsiening maak, behoort die aankweking van 'n nasionaliteitsgevoel en 'n breër lojaliteit bevorder te word:

"That task is to promote unity by all possible means and agencies, and to promote it not by smoothing over or ignoring antipathies; still less by setting South African interests in opposition to Imperial interests; but by direct and definite teaching about the duties and privileges of citizenship of the Empire. It is impossible to ignore the problem;"¹¹

8. T.O.D. Jaarverslag 1915, 12.

9. Ibid 1915, 12.

10. Ibid 1915, 15.

11. Ibid 1916, 8.

Die na-oorlogse vraagstukke¹² het die lewe meer ingewikkeld gelaat en groter bekwaamheid van almal geverg wat deur middelbare onderwys verkry moes word.

"We must snatch two or three years at least from early adolescence, not, as now, in the case of the small minority, but in the case of the great majority."¹³

Gods water kon nie maar oor Gods akker loop nie en as middelbare onderwys nie vrywilliglik en uit eie beweging aanvaar word nie, het hy gemeen dat verpligtingsmaatreëls ook in die verband toegepas moes word.¹⁴

3. OMVANG EN AARD.

Adamson beskou middelbare onderwys aan alle leerlinge¹⁵ as noodsaaklik en hierdie uitgangspunt moet nie op 'n grondslag van vrees vir onkunde berus nie, maar op die noodsaaklikheid dat elke mens se vermoë so sal ontwikkel dat dit tot die grootste voordeel van die gemeenskap sal lei:

"Does not true citizenship include also economic efficiency, the obligations of nationality, and the call of humanity?"¹⁶

Ter verwesenliking hiervan het hy 'n langer skoollewe as noodsaaklik geag, want al voer aangebore vernuf en aanleg 'n mens in die reël uit die moeras van mislukkings, moet daar tog nie vergeet word nie dat,

"..... the average boy, the backward or slowly-developing boy, once adrift on the current of early employment, easily earned wages, and unoccupied leisure, is rarely got into line again."¹⁷

Hierbenewens bestaan die gevaar van sedelike insinking.

12. 1914-18 oorlog.

13. T.O.D. Jaarverslag 1916, 11.

14. (i) T.O.D. Jaarverslag 1910, 43(2);
(ii) Ibid 1918, 26 tot 27.

15. T.O.D. Jaarverslag 1916, 9.

16. Ibid 1916, 10.

17. Ibid 1916, 11.

"Just when the pupil going on to the secondary school is coming under close, constant and sympathetic supervision, the pupil leaving the primary school finds himself without guidance, restriction, or discipline What is wanted for the boy at this stage is the discipline and restraint which a corporate organization exercises;"¹⁸

Die noodsaaklikheid vir die verlenging van die skoollewe berus op intellektuele sowel as op praktiese en etiese gronde. Maar hoe moet daar vir so 'n verlengde skoollewe voorsiening gemaak word?

"The forces of attraction and compulsion will both be necessary."¹⁹

Hoe beter die kursusse die jeug vir die naskoolse lewe voorberei, hoe minder sal dwangmaatreëls toegepas moet word. Middelbare onderwys moet die grondslag lê vir breë beroepkundige opleiding sodat die leerlinge deur geskiedenis en aardrykskunde-onderrig sal leer watter eise die gemeenskapslewe aan hulle gaan stel, sodat hulle deur die studie van letterkunde en kuns die skone in die lewe sal leer liefkry en hul vrye tyd deur gesonde en georganiseerde ontspanning nuttig sal deurbring.

Dis noodsaaklik dat werkgewers verbied moet word om leerlinge onder 'n bepaalde ouderdom of skoolstanderd in diens te neem.

Om vir die lewe voor te berei moet middelbare onderwys die volgende insluit:

- (a) Gewone akademiese onderrig met die oog op die matrikulasie of eindsertifikaat van die middelbare skool.
- (b) Ambagskole alwaar 'n ambag aangeleer kan word.

18. T.O.D. Jaarverslag 1916, 11 tot 12.

19. Ibid 1916, 12.

- (c) Skoolplase waar leerlinge prakties en teoreties in landbou en veeteelt opgelei kan word.
- (d) Handelsskole alwaar leerlinge hul vir die sakewêreld kan voorberei.
- (e) Huishoudkundeskole alwaar huishoudkunde onderwyseresse opgelei kan word en dogters kursusse in huisvlyt kan volg.
- (f) Tegnieke skole alwaar 'n industriële opleiding verskaf word.
- (g) Landbousskole wat meer in die behoeftes van die platteland kan voorsien.

Die onderskeid tussen laasgenoemde twee skole

is:

"One type would meet the needs of those pupils whose future lies in a large urban community, and the science would have relation to industries. The second type would meet the needs of those who will be in close contact with the rural community, and the science would have relation to agriculture."²⁰

Hoewel daar ooreenstemmende eise aan die onderskeie soorte skole gestel word, moet hulle almal aan die praktiese eise van die omgewing voldoen. Die duur van hierdie kursusse behoort 'n minimum van twee jaar na die aflegging van die sesde standerd te wees. Dit wil sê leerlinge behoort ten minste nege en 'n halfjaar op skool deur te bring. As hy op sesjarige ouderdom in die skool kom en 18 maande in die grade deurbring, dan behoort hy die hele kursus op 15½ tot 16-jarige ouderdom te voltooi. Dit sal dan daarop neerkom dat die boonste grens van skoolpligtigheid 16 jaar sal wees.

"We want to keep these two years from fourteen to sixteen, so pregnant with possibilities, for schooling for all pupils, and not see them given over to arresting and stunting labour or aimless loafing."²¹

20. T.O.D. Jaarverslag 1916, 13.

21. Ibid 1916, 14.

Hierbenewens het Adamson dit wenslik geag om die ambags-, handels- en tegnieuse kursusse met 'n derde jaar te verleng, sodat 'n beter ewewig van akademiese en beroeps-kundige opleiding verkry kon word.

4. MIDDELBARE ONDERWYSONTWIKKELING.

Toe die lewe nog eenvoudig en goedkoop was en die Transvaalse bevolking hoofsaaklik uit landbouers en veeboere bestaan het, was die vraag om middelbare opleiding en die vereistes wat daaraan gestel was nie so groot nie. Ten gevolge van die nywerheidsontwikkeling en die ontdekking van diamante en goud, het die lewe egter meer ingewikkeld geraak en as die eise van na-oorlogse vraagstukke hieraan toegevoeg word, is dit verstaanbaar dat 'n langer skoollewe en 'n hoër peil van ontwikkeling noodsaaklik geword het. Adamson het dan ook vanaf sy diensaanvaarding die noodsaaklikheid van middelbare onderwys beklemtoon:

"Year after year the reports of the Department have deplored the slow growth of secondary schools and departments, and the very small percentage of the school population which they contain."²²

Die Onderwysraad het dit jare vantevore reeds betreur dat so baie leerlinge hulle na hul laerskoolloopbane in doolhofbetrekkings vasloop. Op grond hiervan is skoolpligtigheid ingestel.²³

"As to the conception of potentiality, that has been advocated unceasingly."²⁴

Van middelbare onderwys is egter nie na verwagting gebruik gemaak nie, soos trouens blyk uit onderstaande statistiese gegewens.

22. T.O.D. Jaarverslag 1916, 11.

23. Ordonnansie No. 16 van 1916.

24. T.O.D. Jaarverslag 1916, 11.

Inskrywing.²⁵

Gedurende:	1905	1910	1915	1920	1923
Middelbare skole	862	2,172	2,740	5,566	10,078
Laerskole	27,553	47,986	69,564	104,824	115,290

Hiervolgens was die groeiverhouding van middelbare in vergelyking met laerskoolinskriving in hierdie tydperk soos volg:

<u>1905.</u>	<u>1910.</u>	<u>1915.</u>	<u>1920.</u>	<u>1923.</u>
1:32	1:22	1:25	1:19	1:11

Dit toon in die betrokke tydperk 'n vermeerdering van 9,216 leerlinge.

In 1916 het Adamson gewaarsku:

"There will be no room for slackers, and the daily output whatever form it takes, will have to be improved in quality and increased in quantity."²⁶

Die volksbehoefte het steeds hoër eise aan die produksievermoë van die arbeider gestel en om hieraan te kon voldoen moes hy fisies, psigies en sedelik versterk word.

5. DIE STAAT EN MIDDELBARE ONDERWYS.

"Local pride in a school is one of the things to nurture and treasure. Besides, every boy or girl carried a step higher is so much gain to the intellectual capital of the State."²⁷

In Transvaal, met sy uitgestrekte en dunbevolkte gebiede, is middelbare onderwys op die platteland verskaf deur middelbare afdelings wat aan laerskole verbonde was. Die geboue en toerusting was om die rede

25. (1) T.O.D. Jaarverslag 1915, 53 en 57.

(ii) Ibid 1923, 66 en 68.

26. T.O.D. Jaarverslag 1916, 20.

27. Ibid 1912, 65.

aanvanklik baie ontoereikend. Heel taktvol het Adamson egter die klaers se aandag daarop gevestig dat dit nie altyd die spoggerige en stoflike voorsiening is wat wel-slae meebring nie, maar wel

"..... the scientific habit of mind and this may often be developed more thoroughly by means of simple rather than elaborate apparatus."28

Aangesien die beleid van die Onderwysdepartement egter aparte skole vir laer- en middelbare onderwys voorgestaan het, sou elke dorpsgebied mettertyd van 'n middelbare skool voorsien moes word, sodra die getalle en omstandighede dit regverdig het.

"In other words, the primary school with a secondary top is not recognized as a final and satisfactory arrangement."29

Alle volrangse middelbare inrigtings, of hul nou 'n akademiese, tegniese, handels- of huishoudkundige opleiding beoog het, kon, as die nodige geld beskikbaar was, in stedelike gebiede opgerig word.

Hy het egter geglo dat die geleidelike toename in die inskrywings aan middelbare skole op 'n blywende innerlike verlange van die jeug gegrond was. Om sy erns ten opsigte daarvan te bewys het hy bygevoeg:

"..... but strong or weak, the future of the Province depends on its being nursed and cultivated, and, if need be, enforced."30

Behalwe die 27 akademiese middelbare skole was daar in 1919 ook nog vier ambagskole wat voorsiening gemaak het vir aandklasse, drie handelskole, 'n skool vir huishoudkunde en verpligte voortsettingsklasse.

28. T.O.D. Jaarverslag 1912, 65.

29. Ibid 1914, 5.

30. Ibid 1918, 14.

"The corporate and social side of the life of these schools is also, so far as one can judge, healthy and vigorous."³¹

Adamson het die noodsaaklikheid beklemtoon waarom daar steeds meer en meer leerlinge aangemoedig behoort te word om 'n middelbare skoolopleiding te geniet.

"The first is the paramount necessity for raising the standard of economic efficiency and civic responsibility of the white man. The second is the equally imperative need for a liberal democratic policy if the social structure is to remain stable and safe."³²

Nóg skoolgelde nóg 'n gebrek aan onderwysgeriewe behoort leerlinge van middelbare onderwysgeriewe te weerhou, want die arbeiderstand kan slegs een verbetering in die lot van sy kinders eis, en dit is 'n breë oop pad na die middelbare onderwys.

In 1923 het Adamson gemeen dat die Onderwysdepartement in die behoeftes voorsien het met die drie ambagskole met 'n inskrywing van 515 leerlinge en die drie handelskole met 1,006 leerlinge. Hierdie leerlinge het onderskeidelik 'n beroepskundige opleiding vir die werkwinkel en die sakewêreld ontvang. Die tegniese middelbare skole het werknemers vir die myne, die spoorweë, die munisipaliteite en vir private ondernemings opgelei. Die plattelandse middelbare skole het hulle eensdeels op 'n studie van moderne tale en anderdeels op wetenskaplike landbou toegelê. Die middelbare skole van die stedelike gebiede was nie eensydig teoreties nie, want daar is ook kursusse in hande- en tekenwerk,

31. T.O.D. Jaarverslag 1920, 52.

32. Adamson: Toespraak voor Transvaal Teachers' Association, 28 Maart 1923. Sien T.O.D. Jaarverslag 1922.

praktiese wetenskap en matesis aangebied, terwyl sommige van hierdie leerlinge later hul beroepskundige loopbane aan die universiteite voortgesit het.

"If our schools can contribute the oxygen of good-fellowship to the social atmosphere, they will be vocational in the best sense of that much-abused term."³³

Die steeds groeiende eise wat die gemeenskap aan sy lede stel maak die verskaffing van middelbare onderwysgeriewe 'n noodsaaklike staatsplig:

"Education is at once the foundation and the cornerstone of the state, the prime source of its strength, and the main condition of its security."³⁴

6. ADAMSON SE IDEALE.

Die aanwesigheid van 'n ideaal of ideale en die verwesenliking daarvan is twee gesigspunte wat ver van mekaar af lê. Dit was derhalwe in 1937 vir Adamson 'n aangename gedagte dat sy skoolplaas-ideaal van 1912 reeds in 'n mate verwesenlik is.

"..... dit was werklik be-sielend vir my om te vind dat die skema, wat in party opsigte ooreenkom met die hooftrekke soos deur my sowat 25 jaar gelede uiteengesit in die Verslag van die Onderwysdepartement vir 1912,³⁵ verwesenlik is. Om te vind dat so 'n droom verwesenlik word, is 'n seldsame ondervinding."³⁶

Die verwesenliking van hierdie ideaal het by hom die hoop laat ontstaan dat hier tog eendag 'n groot Suid-Afrikaanse volk gebore sal word:

33. T.O.D. Jaarverslag 1922, 126. Adamson: Toespraak voor Kongres van Transvaal Teachers' Association.

34. Adamson: Education in Plato's Republic, 171.

35. T.O.D. Jaarverslag 1912, 90.

36. Adamson: Verslag oor 'n besoek aan vier skoolplase en twee sentrale skole 1937.

"..... South Africa has the glamour of youth The future is, at all events, untrammelled by vain regrets."³⁷

Dis vir hom 'n land waar die lewensweg van sy burgers soos die van die pelgrim is: 'n lang, hardepad wat opdraand oor hoogtes gaan. Dis die land waar Boer, Brit en Bantu 'n soort van geestelike samehorigheid vorm, terwyl elk sy eie bydrae tot 'n gemeenskaplike lotsbestemming lewer.

"..... while preserving its group individuality and contributing according to its powers and its peculiar genius to the common weal,"³⁸

Dis met die oog op hierdie ideaal waarom Adamson wil opvoed en waarom hy die middelbare skool wil gebruik om goeie werkers maar ook goeie medemense aan die gemeenskap toe te vertrou.

Die weg waarlangs hierdie opvoedingsproses moet plaasvind is die weg van aanpassing aan die drie werklikheidsordes, die natuur, die kultuur en die sedelike! Om vas te stel hoe ver Adamson self op hierdie weg gevorder het, hoef ons slegs na hom aan die einde van sy ampstydperk as onderwyshoof te luister.³⁹

Die onderwys van ons dag word al meer en meer beskou as die omstandigheid wat vir die maatskaplike, die ekonomiese en die persoonlike welvaart van die gemeenskap verantwoordelik is. Die onderwys moet egter in 'n beroeps- en vakkundige rigting gestuur word, met dien verstande dat die skeidslyn tussen beroeps- en kulturele onderwys nie duidelik van mekaar geskei word nie.

37. Adamson: *Externals and Essentials*, 133.

38. Adamson: *Externals and Essentials*, 137.

39. T.O.D. Jaarverslag 1923, 16 tot 25.

"Vocational training must be made cultural and cultural training is as likely as not to be indirectly vocational."⁴⁰

Beroepsonderwys is van algemene onderwys afhanklik omdat dit daarop moet voortbou en dit sal dus onverstandig wees om met suiwer vakkundige opleiding te begin voordat 'n redelik breë kulturele fondament gelê is.

"Vocational education should be broad enough and liberal enough to enable a boy to develop the best that is in him."⁴¹

Slegs op die wyse kan in die behoeftes van die gemeenskap voorsien word.

Hy het die volgende beroepskundige inrigtings volgens hul aard en doel onderskei:⁴²

(a) Die gewone kulturele middelbare skole waaraan 'n baie belangrike plek toegeskryf moet word op grond van hul onregstreekse voorbereidingswerk vir die een of ander beroep. Die sintuie en die gees word daar geskerp en beter lewensgewoontes word aangekweek. 'n Paar jaar onderrig aan hierdie inrigtings sal bepaald meebring dat daar beter handwerkers, boere en amptenare is. Daar is afdoende bewyse dat sommige van ons beste ambagsleerlinge uit hierdie skole afkomstig is.

(b) Die handelskole en handelsdepartemente aan ander skole kan meer regstreeks vakkundig genoem word, aangesien die praktiese en teoretiese opleiding van belang is in die sakewêreld. Om die algemene grondslag van 'n kulturele lewensuitsig egter te behou, is die leerplanne vir hierdie skole met ekonomiese geskiedenis, aardrykskunde, wetenskap en moderne tale aangevul. Hierdie leervakke is toevallig ewe belangrik in die handel as in enige ander beroepsrigting.

40. T.O.D. Jaarverslag 1923, 17.

41. Ibid 1923, 17.

42. Ibid 1923, 16 tot 23.

(c) Die tegniese skole berei eensdeels vir 'n tegniese matrikulasie voor, dit wil sê, 'n meer wetenskaplike as 'n letterkundige opleiding, en anderdeels vir die gewone tegniese ambagte. Die eerste opleiding is vir loopbane in die tegniese departemente van die myne, die stadsrade, die spoorweë en industriële sakeondernemings, terwyl die tweede opleiding 'n voorbereiding vir die gewone ambagte is.

(d) Daar behoort egter 'n korter beroepskursus van sowat drie jaar na standerd V vir sowat 60 persent van die middelbare leerlinge te wees. Aan hulle moet 'n wye en rekbare kursus aangebied word wat die onderskeie ambagte van die gemeenskap sal behels. Hierdie ambagsopleiding moet volgens die eise van die tyd en die omgewing verskaf word en die leerlinge moet nie te veel met eksterne eksamens lastig geval word nie. Dit moet in die behoeftes van die stede sowel as van die platteland voorsien.

'n Aantal intermediêre skole⁴³ is in 1922 op die Witwatersrand en in Pretoria in die lewe geroep. Hoewel die hoërskooltradisie en die beperkte klaskamer-ruimte die ontwikkeling van hierdie skole nog vertraag het, is die hoop gekoester dat hulle 'n belangrike plek in ons ekonomiese lewe sou inneem. Die praktiese aard van die kursusse het die handwerkbank en die wetenskapkamer die uitgangspunt van die gewone klaswerk gemaak, sodat persoonlike werk en navorsing tot die ontwikkeling van inisiatief en aanpassing kon lei en die neringsgeskiktheid van die leerlinge kon ontluik. Nadat hulle die skool verlaat het, moes hulle beroepsvaardigheid deur voortsettingsklasse verder beoefen.

43. T.O.D. Jaarverslag 1922, 13 tot 14.

44. Ibid 1923, 19.

"These classes should devote a large part of their time to occupational problems while not omitting civic and general cultural studies."⁴⁴

Ambagskole was eintlik 'n onderafdeling van die intermediêre skole. Hulle verskil van tegniese skole in soverre dat hulle meer die aandag toespits op die praktiese werk in die werkwinkel, terwyl die tegniese skole ook aandag skenk aan die teorië alvorens die leerlinge vir hul leerjongenskursus inskryf. Adamson het egter gemeen dat beide inrigtings teen 'n oorbeklemtoning van hul onderskeie oogmerke moet waak. Beide inrigtings is as noodsaaklik beskou, want die ambagskool het vir die masjinale neiging van ons eeu voorberei en die tegniese skool vir die ontwikkeling van die masjinale strewe.

(e) Die opleiding in 'n landboukundige beroep in die kleiner plattelandse gemeenskappe het sowel 'n ekonomiese as 'n sosiale oplossing beoog, want die ontwikkeling van die platteland om 'n sukses bestaan in die stede te voer, het ongewenste sosiale vraagstukke geskep.

Adamson het gemeen dat daar in die kleiner plattelandse gebiede ook vakkundige opleiding aan die na-primêre jeug verskaf moes word. Omdat die eintlike beroepsvraagstuk ook deur die instelling van 'n driejarige landboukursus opgelos kon word, moes die handwerk, fisika en skeikunde op die landbou betrekking hê. Voortgaande het hy gesê dat hierdie kursusse ook volgens die eise van die besondere omgewing verskaf moes word. Op die wyse sou daar inrigtings wees waar die klem hoofsaaklik op vee- of graan- of tabak- of sitrusboerdery sou val.

Hierdie landbou middelbare skole moes vir die plattelandse na-primêre skooljeug beteken wat die ambag- en tegniese skole vir die stedelike na-primêre jeug beteken het. Vir die plattelandse leerlinge sou daar ook nog skoolplase opgerig word. So 'n skoolplaas⁴⁵ moes oor sy eie terrein, skoolgeboue, werkwinkels, eenvoudige wetenskaplaboratoriums en koshuise beskik.

Hoewel dit moeilik en duur was om geskikte vak-kundige leerkragte te verkry, is reeds toe al besef dat daar geen doeltreffender opleiding vir die landelike na-primêre jeug verskaf kon word nie.

7. KRITIESE WAARDERING.

Adamson het nie aan die toekoms van die jeug getwyfel nie, want hy was oortuig dat hulle nuttige staatsburgers en goeie werkers sou wees. Om hierdie doel te bereik het hy met die middele tot sy beskikking die na-primêre skoolwese so georganiseer dat vraag en aanbod sover moontlik aan die gemeenskapseise kon beantwoord. Daarom was dit noodsaaklik dat die deure van die middelbare skole vir almal oop moes staan en dat 'n beursstelsel in die lewe geroep moes word om dit moontlik te maak, sonder om afbre^uek te doen aan die ouer en kind se verantwoordelikheid en selfstandigheid.

"Ultimately therefore the two aims are one: adjustment which will enrich the whole life of the man, while it promotes economic and social efficiency."⁴⁶

45. Report of the Provincial Education Commission (1937), 82 tot 89.

46. Adamson: The Individual and the Environment, 247.